NOORD Nuus 2018

wellington-noord Geloofsgemeenskap

27 Mei 2018

koningkrykstyd

NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK – EEN LIGGAAM EN EEN GEES

Welkom by vandag se erediens!

Laat ons feesvier met die Ongesuurde brood van reinheid en waarheid

VANDAG SE PROGRAM

Predikant Ds. Francois Human		Orrelis Johann Enslin
09:30	**Erediens – Uitnaweek**	
	Dienswerkers: Geen agv Uitnaweek	
	DEUROFFER: ACVV	
10:45	**Geen kategese**	

Baie dankie!

Baie dankie vir verlede Sondag se offers van R6 000 wat ons in staat stel om een kind te borg vir Hugenote Hoërskool se deelname aan die World Choir Games in Julie 2018.

Uitvoerende Bestuurvergadering op Maandag 28 Mei 2018 om 19:00 in die Pastorie.

Wees 'n Lig vir die wêreld

April Insameling

Hierdie is 'n spesiale Na-oes Insameling vanaf ons boere in die distrik. Ons het R150 000 daarvoor begroot. Baie Dankie vir R121 000 wat reeds ontvang is.

Bybelskool

Dinsdagaand 29 Mei om 18:30 in die konsistorie en/of Woensdagoggend 30 Mei om 09:30 in die konsistorie.

Preek - 20 Mei

Handelinge 2

Wat dink ons is die resep wat ons moet volg vir Suid-Afrika? Handelinge 2 help ons op 'n manier daarmee. Die Heilige Gees is uitgestort oor almal. Iets is vir ons gegee. In konteks van die land is land gegee, mense gegee, gesondheid gegee ens. Maar die Helige Gees is gegee as die belangrikste bestanddeel van die resep. Die duif word vereenselwig met die uitstorting van die Heilige Gees. Dit is dalk 'n resep wat gegee is.

Hoe wonderlik is dit dat ons nie fotostate van mekaar is nie, maar die Here roep ons, al is ons verskillend om een te wees, ongeag verskille. Ons wil leef tot eer van die Here.

Dankie vir die verskil wat jy maak waar jy is, in ander mense se lewens. Die Here het jou so wonderlik gemaak, en deur die Gees wat oor jou lewe uitgestort is kan jy verder 'n verskil maak.

Die twaalfde taal is 'n universele taal – die taal van liefde, omgee, lag, seën ens. Baie keer hoor ons die Here se stem, maar hoor ons 'n stem harder as die Here s'n? Moet ons nie weer sing Halleluja ek kan hoor my Heiland roep my – waar Hy lei daar sal ek heengaan.

Mag ons 'n verskil maak, daar waar jy is. Blom waar jy geplaas / geplant is. Mag die Gees jou lei, want jy maak verseker 'n verskil.

Heinie Odendal (27) – Poppie Lourens (27) – Lawrence de Villiers (27) – Jadia Hoffman (27) – Susan Marais (29) – Francois Roberts (29) – Daniël Morkel (29) – Ian Lennox (29) – Andre vd Merwe (29) – Charles Beckett (29) – Miah Perold (29) – Esmari Henn (30) – Christelle Fourie (31) – June Swart (1)

Gedenkpilare

Ons beplan om eersdaags met die oprigting van gedenkpilare te begin. Die instandhouding word deur die gemeente waargeneem, en die administrasie word deur die Kerkkantoor hanteer. Kopers maak 'n keuse uit beskikbare nisse, waarna'n bewaringsooreenkoms by die Kerkkantoor geteken word. Die gravering word deur die koper gereël, en is nie by die prys ingesluit nie. Skakel die Kerkkantoor gerus indien u meer inligting verlang, of solank u naam wil opsit vir die koop van 'n nis.

Die G Voucher Project is gestig om gemeenskapslede te bemagtig om op 'n verantwoordelike manier te help, deur kos en klere aan behoeftiges te voorsien. Pleks daarvan om aan 'n hawelose geld te gee, waarmee hulle gewoonlik alkohol of dwelms koop, gee 'n mens nou aan hulle 'n "voucher" wat dan vir kos en klere ingeruil kan word. Dit beteken verder dat diegene (soms tot 50 mense) wat "vouchers" inhandig, in kontak tree met persone wat verhoudings met hulle wil bou, Bybelse waarhede en lewensvaardighede aan hulle sal leer, en saam met hulle gaan werk (bv. die groente tuin) om te sorg dat hulle 'n betekenisvolle rol in die gemeenskap kan speel.

Vrywilligers van verskillende kerke (NG Noord, NG Oos, NG Moeder, St Georges Presbiteriaanse kerk en VGK), bedienings en organisasies kry die geleentheid om by te dra tot hierdie poging tot langtermyn-verandering. NG Noord is elke vyfde week werksaam by die projek. Vrywilligers is by die middagete-program werksaam deur kos te bedien, 'n boodskap uit die Woord te deel en sommer net liefde te betoon aan behoeftiges, tussen 12:00 en 13:00 elke weeksdag. Wellington-Noord se diensbeurte geskied op die volgende datums, nl. 18-22Junie; 23-27 Julie; 27 – 31 Augustus; 1-5 Oktober; 5-9 November en 10-14 Desember.

Indien u wil betrokke raak as vrywilliger of moontlik iets wil skenk skakel Johan Crous (0722890842).

Gebedsgids vir Bybelwerk – 27 Mei – 2 Junie 2018

Noorweë: Bid asseblief vir die voltooiing van die Noord-Sami Bybelvertalingsprojek en vir vordering met die vertalingsprojekte in Lule Sami en Suid-Sami. Bid vir al ons publikasie- en verspreidingsprojekte. Bid veral vir die kerke in Noorweë, dat hulle mense sal aanmoedig om die Bybel te lees.

Swede: Bid dat die Here ons sal help om deur die *Avonture van die Bybel*-projek oor die volgende twee jaar 50 000 kinders tussen 10 en 11 jaar met die Bybel te bereik. Bid vir die volgehoue ondersteuning van ons donateurs.

Finland: Dank die Here vir ons donateurs wat dit vir ons moontlik maak om Bybelwerk wêreldwyd te ondersteun. Bid dat ons voortdurend geskikte Bybelmateriaal sal ontwikkel om Finne aan te moedig om die Bybel te lees en die bybelse boodskap uit te leef.

NGK Wellington-Noord

MacCronestraat 11 – Wellington – 7655
Tel/Faks: 021 873 2763 | **Pastorie:** 021 873 2765
Bankbesonderhede: ABSA, Wellington: 430 580 019
Like **www.facebook.com/wellingtonnoord**

E-pos adresse:
Francois Human: francois@wellingtonnoord.co.za
Johann Crous: crousjm@telkomsa.net
Marita Coetzee: marita@wellingtonnoord.co.za
Marius Otto: marius@wellingtonnoord.co.za
Johann Enslin: jenslin@hugenoteskool.co.za

GAAN BESOEK GERUS ONS WEBBLAD: www.wellingtonnoord.co.za of ons **FACEBOOK-BLAD:** **www.facebook.com/wellingtonnoord**

LIEF EN LEED

Ons innige meegevoel aan Annamie Basson en gesin met die heengaan van Karel, asook aan Loretta Jordaan en gesin met die verlies van Patrie. Ons dink ook aan Elize Henn wat aansterk na 'n operasie. Gee asb siekes, asook diegene wat 'n operasie moet ondergaan se name deur aan die leraar, of Marita by die kerkkantoor.

LuxVerbi het gedurende 2017 en 2018 wonderlike leesstof uitgegee. Ondersteun hulle gerus. Besoek die Kerkbode se webwerf (www.kerkbode.co.za) vir verdere inligting